

Lydensweek April 2014: Jesus se "vreemde" liefde vir mense

15 April 2014

Skriflesing: Markus 5:1-20 Tema: Jesus het 'n besetene lief

Jesus het die storm stilgemaak. Ervare vissermanne ervaar dié hooplose situasie en hulle dink dat hulle gaan sterf. Jesus bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!" Die wind en die see gehoorsaam Hom.

Hy sit voet aan wal en hier storm 'n wilde man op Hom af. Dit is die volgende situasie waarin daar menslik gesproke geen hoop is nie. Hierna volg in Markus ook die "hooplose" verhale van die dogtertjie van Jairus en die vrou wat vir 12 jaar aan bloedvloeiing gely het.

Die man het tussen die grafte gebly. Hyself het niks anders as dood, ook geestelike en emosionele dood, geken nie. Hy was 'n gevaar vir die samelewing, woens en onbeheerbaar. Tolla sou hom as rof en onbeskof beskryf. Mense kon hom nie met kettings vasbind nie. Hy ruk die boeie uitmekaar. Niemand kon hom beheer nie.

Dag en nag was hy bloedstollend aan die skreeu tussen die grafte en berge. Hy kap homself met klippe. Hy is in ons taal, 'n mal man. Hy het Jesus dringend nodig, maar hy weet dit nie.

Dan gebeur 'n vreemde ding. Hy het Jesus van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval op sy knieë. Waarskynlik is dit die bese geeste wat voor Jesus se almag buig. Die bese gees het hard geskreeu: "Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam, moet my nie pynig nie!" want Jesus het vir hom gesê: "Onrein gees, gaan uit die man uit!" (Mark 5:7-8)

Hoe kan so iets gebeur? Ons lees in Jak 2:19: "Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bese geeste glo dit ook en hulle sidder van ang." Die bese geeste weet met Wie hul hier te doen het. En hulle is bang.

Wat doen Jesus? Hy gaan in gesprek met die man of eerder met die bese gees: Hy het hom toe gevra: "Wat is jou naam?" "My naam is Legio," antwoord hy Hom, "want ons is baie." (Mark 5:9)

Legio is afgelei van die Romeinse "legioen" wat uit vyf- tot sesduisend soldate kon bestaan. Hierdie menigte bese geeste het geweet dat hul voor Jesus magteloos was. Hy stuur die bese geeste in, wat vir die Jode onrein varke was, in. Tweeduisend varke sit op loop, teen die hang af die see in en hulle versuip.

Die wagtters hardloop dorp en plase toe en gaan vertel wat gebeur het. Die inwoners van Gerasa kom by Jesus en sien die besetene by sy volle verstand en met sy klere aan. Hulle besef dat hier iets ongehoords gebeur het. Maar daar is nie by hulle vreugde nie. Hulle is ontevrede. Hulle is nie bly oor 'n lewe wat gered is nie. Anders as die besetene, is hulle bekommerd oor hul eiendom en inkomste. Hulle dring aan dat Jesus uit hul gebied weggaan.

Toe die besetene met Jesus wil saamgaan, sê Hy vir Hom: "Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het." (Mark 5:19) Gaan vertel vir almal. Wat moet hy vertel?

1. Ons leer Jesus in die gedeelte ken as die Almagtige.

Waar mense voel of daar geen hoop meer is nie en waar ons beheer verloor, is Hy in beheer. Dit is Hy wat die storm op die see stilmaak, Hy wat die besetene bevry, Hy wat die dogtertjie van Jairus opwek uit die dood en Hy wat die vrou wat 12 jaar aan bloedvloeiing gely het, gesond maak.

Is hierdie Here nog jou God?

Hy is sterker as duisende onbeheerbare bese geeste wat mense aanval. Die duiwel en sy bese geeste is vandag nog daarop uit om mense se verhouding met hul Skepper, hulself en hul medemens te vernietig. Bese geeste is vandag nog 'n gevaarlike, vernietigende en magtige realiteit, maar ons Here is almagtig. Christus het die oorwinning oor die bese geeste behaal. Ons kan deel in sy oorwinning. Vanuit sy oorwinning kan ons as oorwinnaars gaan leef.

Mense is soms bevrees dat daar allerhande bindinge oor hul lewens kan wees. Hy bevry sy kinders van enige iets wat ons probeer bind. Hy dryf duiwels uit sonder groot vertoon en sonder baie woorde "Bese gees, gaan uit die man uit!" Amper soos 'n hond wat jy uit die huis uit jaag.

2. Ons leer ook iets van Jesus se "vreemde liefde" vir mense.

As een van die bosslapers na my toe kom, wyk ek uit. Ek was redelik vies toe my vrou 'n man se hartseer storie geglo en gehelp het. Ek bly op 'n veilige afstand van die ouens.

Almal is bang vir die besetene. Hulle vlug as Hy nader kom. Hulle waarsku hul kinders om nie naby die begrafplaas te kom nie. Jesus voer met hom 'n gesprek. Hy maak hom vry deur die duiwels uit te dryf. Hy klee die man. Hy doen al hierdie dinge in 'n omgewing waar met varke geboer is. Varke is vir die Jode 'n onrein dier. Met ander woorde Hy is nie hier tussen Jode nie. Hy is tussen Grieke, wat net nog 'n maal bevestig dat Jesus lief is vir alle mense. Sy goeie nuus is vir alle volke.

Ons kan so maklik sê: "Maar wie is ek nou eintlik? Ek is maar net 'n sondige mensie." Die Here kyk nie teen jou sonde vas nie. Hy kyk wie jy kan wees as Hy jou lewe nuut maak. Jy en ek, almal van ons is welkom by die Here.

Maar hoe welkom is "vreemde" mense by ons huise en in die erediens?

Ons sien 'n alkoholis; Jesus sien 'n kerkraadslid.

Ons sien 'n dwelmverslaafde; Jesus sien 'n prediker.

Ons sien 'n slegte vrou; Jesus sien 'n kategeet.

Ons sien Petrus as 'n vloekende visserman wat Jesus verloën; Jesus bou sy kerk op hierdie rots.

Ons sien Saulus; Jesus sien Paulus.

Dit is ongelooflik wat Jesus met mense kan doen en hoe Hy lewens radikaal kan verander. Maar Hy verander ons nie net nie, Hy maak ons ook getuies.

3. Ons is Jesus se "vreemde" getuies.

Jesus genees die man wat mal was as gevolg van duiwelbesetenheid. Maar Hy sê nie vir hom dat hy nou gesond is en die lewe moet gaan geniet nie. Hy raak hom aan met lewensveranderende krag. Hy verander sy ganse bestaan.

Hy sê vir hom om huis toe te gaan en alles wat Jesus gedoen het, te gaan vertel. Hy moet gaan vertel dat Jesus Hom jammer gekry het en gaan wys dat Jesus hom nuutgemaak het.

Die man gaan en hy word een van die eerste getuies onder die Grieke. In die hele Dekapolis, wat beteken 10 stede, vertel Hy wat Jesus vir hom gedoen het.

Kan jy dink hoe kragtig sy getuie was teenoor mense wat vir hom weggehardloop en weggekrui het? Hulle sien 'n totaal ander man. Hulle sien nog die merke waar hy homself met klippe gekap het, maar sy oë is anders. Hy skreeu nie meer - hy preek. Hy hardloop nie rond soos 'n mal man nie. Hy is kalm. Hy is gevul met vrede wat van God af kom. Hy is nuutgemaak. Hy vertel vir hulle hoe Jesus sy lewe verander het.

In die laaste lydensweek staan ons stil by die lyding en kruisiging van Jesus. Maar ons kyk ook verder as dit en sien 'n leë kruis en graf en ons weet: Ons Here is die Almagtige. Hy hét ons sonde, dood en die bose oorwin. Waar ons alle hoop verloor het, is Hy in beheer.

En Hy het alle mense lief.

As nuwe mens in Christus kan ek nie anders as om Sy liefde te gaan uitleef nie. As nuwe mens in Christus kan ek nie anders as om vir alle ander mense te gaan vertel wat die Here alles vir my gedoen het nie.

Amen